# KRING VAN DIE AASVOËL



deur

**Braam le Roux**

TEMMERS VAN DIE WOESTYN No. 29

# INHOUDSOPGAAF


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| I | Rooi Duiwel .. .. .. .. .. | 7 |
| II | Sirkelgang van die Aasvoël .. .. .. | 20 |
| III | Fluitende Koeëls .. .. .. .. | 32 |
| IV | In die Lig van die Volmaan .. .. | 45 |
| V | Ruiters uit die Nag .. .. .. .. | 58 |
| VI | Die Rewolwerloop Blink .. .. .. | 70 |
| VII | Die Gyselaars .. .. .. .. .. | 83 |
| VIII | Die Vurige Perd .. .. .. .. | 96 |

HOOFSTUK I

## ROOI DUIWEL

TEEN middernag het hy die dooie hond van hom afgestoot. Die liggaam van die dier is al styf. 'n Snik skeur diep uit sy bors toe hy met sy koue hand oor die dier se rug vryf. Hy weet dat Boesman nooit weer sal byt nie, nooit meer sal blaf nie. Hy is vir ewig stil.

'n Doodse stilte heers daar by die huis. Die vlamme is ook stil, maar Kobie kan die reuk van gebrande goed in sy neusgate voel prik.

Rooi Duiwel het gesorg dat daar niks oorbly nie, niks bly lewe nie.

Kobie waggel orent. Hy weet dat hy alleen oorgebly het. Hy plaas albei sy vuil hande voor sy gesig en nou begin hy huil, bitterlik huil. Die snikke ruk uit sy liggaam.

Hy staan teen die waenhuismuur. Sy liggaam voel styf en seer. Boesman lê hier aan sy voete. In die skynsel van die maan kan hy die bruin vel van die dier onderskei en daar by die huis waai 'n warrelwind 'n klomp papiere op die werf rond.

Kobie Ras sal hierdie nag nooit vergeet nie. Vannag het hy gesien tot watter brute wreedheid Rooi Duiwel kan oorgaan. Die handjievol mense wat hier tussen die soutpanne diep in die Noordweste woon, het al begin praat van Rooi Duiwel as 'n man wat met die maan gepla is, want net sodra die maan vinnig begin groei, 'n week of wat voordat dit volmaan is, begin hy met sy strooptogte.

Tot op hierdie oomblik was Rooi Duiwel nog maar altyd vir Kobie 'n skurk uit 'n nare storieboek, maar vanaand het hy hom gesien, in lewende lywe. Hy het die bont perd gesien waarop hy gery het, en hy het die man met die rooi

baard en rooi bos hare, se verwronge gelaat in die lig van die vlamme gesien.

Rooi Duiwel het met sy strooptogte begin. Dit was skaars donker toe hy en sy bende Hotnots en Hereros op die huis toegesak het. Hy en sy duiwels het die huis bokant hulle hoof met vlammende pyle begin peper. Die brandende dak het ineengestort en een vir een is die bewoners van die huis doodgeslaan of doodgeskiet so vinnig as wat hulle uitgekom het. Dit lyk nou vir Kobie soos een verskriklike nagmerrie.

Kobie het ook uitgevlug. Boesman was kort op sy hakke. Rooi Duiwel was voor hulle op die perd en hy het op Kobie aangelê. Boesman het egter op die bont perd afgestorm en die dier in die sy gebyt. Die perd het met sy voorpote hoog in die lug gekap en Rooi Duiwel uit die saal geslinger. Dit het Kobie die geleentheid gegee om by Rooi Duiwel verby te skiet. Sy plan was om na die stal te hardloop en 'n perd in die hande te kry om weg te jaag. 'n Paar van Rooi Duiwel se duiwels het hom egter voorgekeer, maar hy het sy pad oopgestamp en oopgeskiet met die rewolwer wat tant Heggie verlede jaar op sy vyftiende verjaardag vir hom gekoop het. Hy het tot by die stal gevorder, maar toe het Rooi Duiwel self op hom afgestorm. Daar het 'n skoot geknal, en by die waenhuis, hier waar hy nou staan, het Kobie inmekaar gesak. Hy het dit instinktief gedoen. Hy het gemaak asof hy getref is. Boesman, sy hond, het oor hom gespring, geblaf en gedreig en geknor. Daar het nog 'n skoot weergalm en die dooie hond het oor hom geval. 'n Paar oomblikke later het 'n perd op hom afgestorm. Dit was Rooi Duiwel wat met opset bo-oor hom gejaag het. Die perd moes hom teen sy kop geskop het, want Kobie het sy bewussyn verloor en ure lank onder die dooie hond bly lê.

Aan die stand van die maan kan die sestienjarige seun sien dat dit al by middernag verby is. Hy probeer nou sy snikke bedwing en gaan kniel weer by sy hond en streel die dier se koue vel. Dan kom hy weer orent en stap na die stal toe. Die rewolwer swaai nog aan sy heup, maar die lang broek wat hy aanhet—sy eerste langbroek wat hy gister vir die eerste keer aangetrek het—is verskeur en verflenter, maar Kobie sien dit nie raak nie. Hy het nou net een doel voor oë en dit is om so gou as moontlik uit hierdie omgewing weg te kom. Suidoos van hierdie plaas lê die vooruitstrewende dorpie Soethunker. Dit is vyftig lang myle, maar op hierdie oomblik wil Kobie soontoe. Hy is oortuig daarvan dat hy die enigste oorlewende hier op die oop vlaktes tussen die soutpanne is.



Hy bereik die stal, maar dan sak sy hart dadelik in sy skoene. Alles is hierbinne verwoes. Twee karperde lê dood. Daar is geen spoor van die ander nie. Kobie weet wat dit beteken . . . Dit beteken dat Rooi Duiwel ten minste ses pragperde gesteel en met hom saamgeneem het.

Kobie draai om en dan stap hy stadig in die rigting van die huis. Daar is eintlik geen huis meer nie. Dit is net swart, half omgevalle mure, en die wind baljaar nog steeds met los papiere en die as van uitgebrande hout en meubels. Hier en daar gloei nog 'n lewendige kool, maar verder is dit so stil soos die dood. Behalwe vir die warreling van die wind, is daar geen geluid wat tot Kobie deurdring nie.

Toe hy die uitgebrande opstal nader, loop hy nog stadiger. Dit is of hy weet wat hy daar sal aantref. Hy het immers gesien hoe dat oom Lafras neergevel is toe hy by die deur uitgestorm het. En tant Heggie? Hy kon niks doen om die slagting te verhoed nie, hoewel hy met Boesman uit die huis gestorm het. En hy het wild en wakker geskiet. Sannie het deur die venster gespring toe hy agter tant Heggie aan uitgestorm het.

By die put sien hy 'n liggaam lê, en hy nader dit met ontsag. Toe hy by die gestalte kom, sien hy egter dat dit 'n Herero is. Daar lê 'n Duitse mauser hier langs hom en hy het 'n hele bandolier vol patrone om sy lyf. Kobie weet dadelik dat

hierdie geweer en patrone hom handig te pas sal kom. Hy tel die geweer op en ontgespe die bandolier. Hy gespe dit dwars oor sy bors, en dan stap hy weer aan. Baie naby die agterdeur tref hy oom Lafras de Jager se lyk aan. Kobie huil nie hard nie, maar die trane brand in sy oë en oor sy wange. Tant Heggie lê nie ver van oom Lafras af nie. Albei die lyke vertoon koeëlwonde. Kobie wonder ineens waar die Rooi Duiwel se bende aan al die geweers en patrone kom.

Agter die uitgebrande huis tref hy ook Sannie se liggaam aan, roerloos in die koue en wind.

Namate die nag groei, stel Kobie vas dat die Rooi Duiwel en sy maats al wat lewe is, op die plaas vernietig het. Wat hy nie vernietig het nie, het hy saam met hom geneem. Twee varke lê in die klipkraal dood. Die beeste het hy natuurlik in die veld bymekaar laat maak. In die groot doringboom waar tant Heggie se hoenders saans slaap, is daar geen teken van lewendige pluimvee nie. Die werf lê verlate.

Omstreeks twee-uur kom 'n vooroor geboë naturel daar van die strooise af en vertel vir Kobie hoe dit by die strooise lyk.

Nou begrawe Kobie en Kerneels saam die liggame van sy oom, tante en niggie. Toe Kerneels al weg is, grawe Kobie nog 'n diep gat waarin hy sy getroue ou hond weglê en dan toegooi.

Kobie huil nie meer nie. Daar is ook nie meer trane om te vloei nie. Hy byt op sy onderlip en wonder hoekom die boere nie 'n ekspedisie teen die Rooi Duiwel organiseer nie. Hy weet dat daar sprake was dat geen mag die Rooi Duiwel hier uit die woestyn kan jaag nie. Die Rooi Duiwel is sterk en hy stel sy eise en as die boere nie gehoor gee aan sy eise nie, saai hy dood en verderf.

Hier tussen die soutpanne het die handjievol boere nie veel beeste nie, nie groot huise nie. Die meeste is hier om sout uit die panne te ontgin of 'n klein goudmyntjie te bewerk wat 'n bestendige inkomste gee en die eienaar soms laat ryk



word. Hierdie panwêreld is eerder 'n mynwêreld. Hier is nie net goudneerslae en sout nie, maar daar is ook 'n paar Duitsers en Hollanders wat asbes ontgin, en een besit selfs 'n diamantmyn.

Een keer per maand kom 'n koper van Soethunker en koop die minerale op. Kort op die hakke van die koper kom 'n klompie transportwaens met negosieware vir die panbewoners. Tussen die panne lê 'n klein gehuggie met sy eie hotel. Die panbewoners het die gehuggie Gemsbokpan gedoop.

Maar die eintlike regeerder van hierdie uithoek van die Noordweste is Rooi Duiwel. Hy is die tiran wat aan die boere voorskryf wat om te doen. Sommige van sy aanhangers kom van oor die Duitse grens, en sy vesting is in die rante wat die Molopo-rivier begrens.

Hy het dit as 'n eis aan die boere gestel dat hulle belasting aan hom moet betaal. As hulle dit nie doen nie, kom hy dit self haal. Soms neem hy die beeste, maar sodra die mineralekoper Gemsbokpan besoek het, kom hy klinkende munt vra, en dan bly hy maande weg. Hy beroof die mense nie goedsmoeds nie, maar net sodra hulle sy reg betwis om inkomste te kom insamel, dan word hy wreed, 'n duiwel.

Twee jaar lank lewer die mynwerkers nou al gereeld aan hom goedere en geld as vergoeding vir die reg om hier te mag delf en te leef. Onlangs het 'n paar van die jonger manne begin weier om hiermee voort te gaan, en toe het Rooi Duiwel soos 'n besetene te kere gegaan, begin moord pleeg, steel en verwoes. Oom Lafras is een man wat geweier het om na die pype van Rooi Duiwel te dans, en die gevolg is 'n verwoeste plaas en dooie liggame.

Slegs drie maande gelede het Kobie Ras hier aangekom. Sy ouers is net oor die grens aan die Duitse kant oorlede. Oom Lafras het hom kom haal om hier by hom, tant Heggie en sy niggie Sannie te bly. En nou is hulle dood, vermoor

deur die hand van die rooi wreedaard wat Kobie met sy eie oë aanskou het.

Om drie-uur kniel Kobie onder die wildeseringboom. Êrens het 'n haan so pas langgerek gekraai. Kobie bid 'n eenvoudige gebed, soos hy dit van sy moeder geleer het, en toe hy opstaan, is daar nog net hartseer in sy binnenste oor, en 'n stille vasberadenheid. Hy sal uitwyk na Soethunker toe en dan sal hy die saak van die trekkers, boere en myn-eienaars van hierdie pangebied aan die mense van Soethunker voorlê. Hy sal saam met 'n strafekspedisie hierheen terugkeer om Rooi Duiwel se mag te help breek. Hy het die rooi wreedaard net vir sekondes gesien, maar daar groei reeds 'n stille wrok in hom jeens hierdie wreedaard. Hy het luid gelag terwyl hy die opskietende vlamme aanskou het, en hy het geen eerbied getoon vir die dooie liggame nie.

Hy weet dat die Rooi Duiwel hom nou in die berge terug-getrek het, en sy buit is seker baie groot.

Kobie Ras swaai die mauser oor sy skouer. Dan stap hy aan deur die donker tussen die trassiebosse deur, en by 'n vaalbos op 'n koppie staan hy eers stil en blik terug na die verlatenheid wat hy agterlaat. Hier het hy drie maande gelede aangekom om 'n nuwe lewe te begin, en nou is hy weer in die pad om elders 'n begin te maak, maar Kobie het reeds 'n besluit geneem. Hy kom terug na Gemsbokpan toe. Terwyl hy wegstap van die verwoeste plaas waar hy vier grafte nagelaat het, het hy die voorgevoel dat hy Rooi Duiwel weer sal ontmoet. In die sterk verbeeldingskrag van die jeug sien hy reeds hoe hy saam met 'n kommando die berge intrek om Rooi Duiwel op sy plek te sit, Rooi Duiwel en sy gewapende Hotnots en Hereros.

Eers wil hy egter by die gehuggie omgaan, net om te sien of Gemsbokpan nog staan. Miskien kry hy daar 'n perd, al het hy geen geld om die dier te huur of te koop nie. Miskien is daar van die boere wat ingaan na Soethunker toe, en dan kan hy sommer vra om saam te gaan. Anders sal hy moet



stap. Dit sal 'n vyftig myl lange staptoer wees, maar Kobie Ras is vasbeslote om dit te doen. Daar is volop wild in hierdie streke, en hy het darem ook 'n tonteldoos by hom. Hy sal dus nie doodgaan van honger nie. Water sal hy min kry, maar tsammas is volop en hy weet darem van 'n paar fonteine in die berge voordat jy Soethunker bereik.

Toe die son sy eerste strale agter die berge in die ooste uitsteek, bevind Kobie hom tussen 'n plaat kwarrie- en rosyntjiebosse waar hy 'n paar vetgevrete springbokke op-jaag. Hy staan hulle en agterna kyk en bewonder die ram met sy wit pronk wyd oopgesprei op sy rug.

'n Paar myl verder kom hy op 'n myn af. Dit is die klein myntjie van die Van Rensburgs. Die sinkgeboutjie wat daar naby die skag gestaan het, is afgebreek en oral in die om-gewing lê stukkende breekgoed en komberse. Binne enkele oomblikke het Kobie vasgestel dat Rooi Duiwel en sy manne ook hier verwoesting gesaai het. Daar lê twee beeste dood. Dit is duidelik dat hulle doodgeskiet is. Kobie loop om die verwoeste sinkhuis. Die huisraad binne die huis is tot as verbrand. Kobie verwag om elke oomblik 'n lyk teen te kom, maar toe hy ná 'n halfuur nog geen lyk ontdek het nie, is hy bly. Dit beteken darem dat die mense weggekom het. Miskien is hulle gewaarsku en het hulle betyds gevlug.

By die put naby die skag trek Kobie eers 'n emmer water uit en les sy dors. Hy rus so 'n rukkie by die put en dan stap hy weer verder. Gemsbokpan lê nou ongeveer ses myl reg wes. Hy behoort die afstand binne 'n uur en 'n half af te lê.

Dit is nege-uur wanneer Kobie die gehuggie nader. Gemsbokpan lê in 'n leegte langs 'n pan wat gedurende die droogtemaande wit in die sonlig vertoon, maar wanneer daar 'n paar druppels reën in die koppe val, loop die pan gou vol en hou sy water lank. Doringbome is volop om Gems-bokpan, met die gevolg dat die reisiger sommer skielik op hom afkom. Die gehuggie bestaan uit 'n langwerpige geboude

hotel waarvan net die kroeg aftrek kry. Die pad loop met 'n draai deur die gehuggie. Behalwe die hotel staan daar nog 'n sinkgebou waar 'n hoefsmid 'n florerende besigheid het. Honderd tree van die hoefsmid af is 'n klipgebou waar die diamant- en mineralekoper sy intrek neem wanneer hy die dag oorgekom het van Soethunker af. Teenoor hierdie klipgeboutjie is 'n sinkgebou wat dien as negosiewinkel, en net langs die negosiewinkel is 'n stal vir sowat twaalf perde. Hierdie stal behoort aan die hoteleienaar. Daar is gedurig reisigers wat kom en gaan, en gewoonlik laat hulle hul perde in hierdie groot stal rus voordat hulle verder gaan. Die stal verhuur en verkoop ook perde.

Kobie loop stadig tussen die bosse deur. Daar kom geen geluid tot hom nie, ten minste geen mensegeluide nie. Daar is wel die gekoer van bosduiwe in die bome en die geblêr van bokke.

Kobie loop nou al in die pad af. Hierdie selfde pad lei na Soethunker. Dit is nie eintlik 'n danige pad nie, maar net twee diep uitgetrapte spore wat tussen die bome deur en oor die veld kronkel. Dit is transportryers wat hierdie pad oopgetrap het, want daar bestaan 'n gereelde transport tussen Gemsbokpan en Soethunker. Meestal is dit waens wat swaar belaai is met sout en velle. En wanneer die transportwaens van Soethunker af kom, vervoer hulle gewoonlik negosieware, breekgoed, komberse, materiaal vir klere en breekgoed.

Nog voordat Kobie die hotel kan sien, hoor hy skielik die geklap van 'n sweep en dan duidelik die gerol van wiele oor die harde pad. Dit is 'n kar wat vinnig aankom. Op die draai kom die kapkar by Kobie verby. In die kar sit 'n man en 'n vrou. Die perde hardloop vinnig.

Die vrou sien Kobie dadelik daar onder die boom raak. Kobie groet:

„Môre, Oom. Môre, Tante."



Maar toe hy klaar gegroet het, kom hy agter dat die man en vrou nog bloedjonk is. Hy twyfel of hulle getroud kan wees. Die man trek die perde in.

„Môre, maar jy is mos die seun wat by oom Lafras de Jager bly?"

Kobie onthou nou dat hy hierdie slanke maar atleties geboude jong man al hier op Gemsbokpan ontmoet het. Dit was die dag met die groot skyfskiet, drie weke gelede.

„Ja, my naam is Kobie Ras," en Kobie kom nader.

„Ek wou mos sê ek eien jou. Ek is Hans du Toit. Het jy my al vergeet?"

Daar is weer die geraas van karwiele en perde wat vinnig aangegaloppeer kom. Die stofwolke staan soos 'n tweede kar om die draai gesleep word, en agter hom is daar nog. Hulle kom met luide geskree van die drywers agter Hans du Toit se kar tot stilstand.

Kobie kyk na die vrou. Haar vel is bruin gebrand, maar hy kan sien dat sy nog jonk is.

„Nee, oom Hans, ek het jou nie vergeet nie. Oom Hans het die dag daardie groot os by die skyfskiet gewen."

Hans lag goedig.

„Op pad waarheen is jy nou, Kobie?"

„Ek . . . wel . . . ek gaan bietjie in na Gemsbokpan . . . O, oom Hans, daar het 'n verskriklikheid gisteraand gebeur! Ek . . . ek meen . . . ek weet nie hoe ek lewendig daar uitgekom het nie!"

Kobie dwing die trane terug. Hy bal sy vuiste en byt op sy tande.

Die glimlag verdwyn van Hans du Toit se lippe.

„Jy . . . jy wil my tog nie sê dat . . . dat die Rooi Duiwel julle ook aangeval het nie?"

Kobie kyk grond toe, maar knik sy hoof bevestigend, vee vinnig die vogtigheid uit sy oë weg.

„Hy was daar . . . Die huis is verbrand . . . en . . . en tant Heggie, oom Lafras en Sannie . . . Ek het hulle begrawe."